



Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.



Gr. 11

Totaal: 55

Tyd: 1 uur

Kwartaal 4, Toets 2024

VRAAG 1

- 1.1 'n Skool ruil hul afrolmasjien ná 5 jaar in en ontvang 'n inruilwaarde van R1 200. Die waardevermindering word bereken teen 10,5% per jaar op 'n reglynige basis. Bereken wat hierdie afrolmasjien 7 jaar gelede gekos het. (3)

- 1.2 R22 500 word in 'n spaarrekening gedeponeer teen 'n koers van 12,25% per jaar maandeliks saamgestel.
- 1.2.1 Bepaal die effektiewe jaarlikse rentekoers, korrek tot twee desimale syfers. (3)

- 1.2.2 Bereken die bedrag in die spaarrekening ná 10 jaar. (3)

- 1.3 Bereken die rente op R18 550 wat vir 'n tydperk van 5 jaar teen 'n koers van 9,25% per jaar kwartaalliks saamgestel belê word. (4)


1.4 Teen watter maandeliks saamgestelde rentekoers is R5 000 belê, indien R12 500 ná 8 jaar uitbetaal word? (4)

1.5 Karli het op 1 Januarie 2010 R3 000 teen 5,25% per jaar maandeliks saamgestel belê. Op 1 Julie 2015 verander die rentekoers na 6,5% per jaar kwartaalliks saamgestel. Sy onttrek 'n R2 000 uit hierdie rekening op 1 Julie 2017. Bereken die bedrag in haar spaarrekening op 31 Desember 2018. (4)

[21]

VRAAG 2

Die onderstaande kumulatiewe frekwensie-grafiek toon die lengte (in cm) van 112 graad 8-leerders.



<https://www.cimt.org.uk/sif/datascience/ds5/interactive/s1.html>

3.2 Toon aan, mbv berekeninge, of daar enige uitskieters in die data is. (4)

[10]

VRAAG 4

Die onderstaande data toon die tyd wat deur graad 11-seuns en -dogters onderskeidelik aan Wiskunde spandeer word. Die data poog om te bepaal of die tyd wat leerders aan sekere vakke spandeer, enigsins hul sukses in die vak sal beïnvloed.

Tyd (per dag) aan Wiskunde spandeer	Seuns: Prestasie in Wiskunde > 50%	Seuns: Prestasie in Wiskunde < 50%	Dogters: Prestasie in Wiskunde > 50%	Dogters: Prestasie in Wiskunde < 50%	Totaal
Minder as 1 uur	20	30	10	25	85
Meer as 1 uur	A	10	35	10	D
Meer as 2 uur	35	5	C	5	75
Totaal	95	B	75	40	255

4.1 Voltooi die tabel deur die waardes van A, B, C en D te bereken. (4)

4.2 Wat is die waarskynlikheid dat 'n graad 11-leerder wat ewekansig gekies word, meer as 2 uur per dag aan Wiskunde spandeer? (2)

4.3 Wat is die waarskynlikheid dat 'n graad 11-seun wat ewekansig gekies word, meer as 1 uur per dag aan Wiskunde spandeer en minder as 50% in die vak behaal? (2)

4.4 Is die waarskynlikheid om meer as 50% vir Wiskunde te behaal onafhanklik van meer as 2 uur per dag aan Wiskunde spandeer? (4)

[12]

VRAAG 5

Vir twee onafhanklike gebeurtenisse X en Y , is $P(X \text{ en } Y) = 0,55$ en $P(X \text{ of } Y) = 0,87$.

5.1 Indien die $P(X)$ 0,2 meer is as $P(Y)$, bepaal $P(X)$ en $P(Y)$. (4)

5.2 Is gebeurtenisse X en Y allesomvattend? Motiveer jou antwoord. (2)

[6]

Totaal: [55]